**Die Here het Hom oor Lot ontferm**

**Gen 19:1-38**

**22 Oktober 2023**

1. Vantevore: Die Here het Abraham ingelig oor die oordeel oor Sodom, sodat hy tot seën kon wees vir die nasies en sy huishouding kon leer. Die Here oordeel ook voor die finale oordeel, om toename in boosheid te rem – Hy doen dit nie ligtelik nie, en sal eerder oordeel uitstel as om regverdiges in die oordeel te tref.
2. Lot se agtergrond: Lot was Abraham se broerskind (Gen 11:27), het saam met Abraham uit Ur getrek (Gen 11:31), uit Haran getrek (Gen 12:5), uit Egipte getrek (Gen 13:1). Lot was voorspoedig, en het die Jordaanstreek gekies, waar Sodom ook was (Gen 13:11). Lot is saam met Sodom weggevoer, maar deur Abraham bevry (Gen 14)
3. Gen 13: Lot was nog nie deur die Here geroep nie
4. Historiese gebeure in Gen 19:
    a. V1-3: Lot is deel van leierskap in Sodom (vgl Gen 13:12, 14:12, 19:1). Lot ontvang die engele gasvry, soos Abraham (vgl Gen 18:2). Berei maaltyd, soos Abraham
    b. V4-5: Sodom se onsedelikheid is erg (vgl Lev 18:22, Rom 1:26-27, 1 Kor 6:9, 1 Tim 1:10)
    c. V6-8: Lot veroordeel inwoners se gedrag, maar maak gruwelike voorstel
    d. V9: Sodom het geweet Lot veroordeel hulle optrede
    e. V10-11: Lot word deur besoekers gered
    f. V12-14: Lot word ingelig oor die oordeel van die Here – soos Abraham
    g. V15-16: Dringende oproep, maar Lot huiwer – word gegryp en uit Sodom gelei
    h. V17-22: Lot onderhandel oor Soar, eerder as die berge – die Here staan dit toe
    i. V23-26: Oordeel tref Sodom, Lot se vrou word soutpilaar (vgl Luk 17:30-32)
    j. V27-29: Abraham sien die oordeel. Die Here het aan Abraham gedink
    k. V30-38: Lot trek na die berge, want hy was bang. Optrede van Lot se dogters
5. 2 Pet 2:6-9:
    a. Lot was gekwel deur Sodom se onsedelikheid
    b. Lot is in Sodom gered, is 'n regverdige
6. Handelinge van die Here in Gen 19:
    a. Die Here oordeel (v13b, 24)
    b. Die Here ontferm Hom oor Lot (v16)
    c. Die Here dink aan Abraham (v29)
7. Hoe het die Here vir Lot gered?
    a. Die Here het Lot gered in Gen 19:16
    b. Lot het voor Gen 19 baie genade van die Here ontvang deur wat hy beleef het
    c. Sodom het Lot ingetrek – dit ontstel hom, maar hy dryf dit nie op spits nie
    d. Optrede teenoor besoekers wys Lot het van Abraham geleer, maar ook sy liefde vir Sodom
    e. Draaipunt: Oproep om uit Sodom te gaan – roeping van Lot. As Lot huiwer, gryp hulle hom en lei hom uit
    f. Gebeur kort na Abraham by die Here vir hom ingetree het
    g. Lot se heiligmaking: Eers Soar, dan grot in die berge, optrede van dogters – moeilik
8. Abraham vs Lot: Abraham regeer direk op roeping, groei geleidelik in heiligmaking. Lot word oor jare voorberei vir roeping, worstel selfs in die roeping, moeilike pad van heiligmaking
9. Gesinne vs individue: Die Here werk met gesinne, maar red individue